
### MATERIALISME AS LEWENSWYSE


***Materialisme*** is die aanbidding van aardse dinge. Jy is 'n ***materialis*** as aardse besittings, geld en goed vir jou belangriker is as God. Dit was die sonde van die *"ryk jongman"* wat by Jesus gekom het (Mark. 10:17-22. Alhoewel hy die 10 gebooie nougeset en stiptelik nagekom het [vs. 19-20] kon Hy Jesus nie eerste in sy lewe stel nie [vs. 21-22]. Toe hy tussen ***Jesus*** en sy ***rykdom*** moet kies, toe kom die geld eerste. Ons word gekondisioneer met advertensies en ru- brieke in koerante, tydskrifte en oor die TV, dat jy slegs gelukkig is as jy weelde het en rykdom besit. Jy leer om alle dinge te evalueer op grond van die beginsels van ***produksie*** en ***verbruik.*** Talle wedstryde met hoë prysgeld verblind ons vir die werklike waarde van die lewe. As julle huis se hele infrastruktuur net om geld en goed sentreer dink ernstig daar- oor na! Lees **Matteus 6:25-34!** Geluk in God is belangriker as alle aardse rykdom en besittings.



### DIE MISPLAASTE WENS

***Miga*** (Rigt. 17) het 'n *eie tempel* gehad met afgodebeeldjies en al. 'n Gebeurtenis met sy ma laat hom 'n eie erediens in sy tempel instel. Hy erken dat hy 13 kg silwer van sy ma gesteel het. Sy gee 2½ kg aan hom terug om 'n afgodsbeeldjie vir sy tempel te maak. Miga stel 'n priester en 'n Leviet in sy tempel aan en reël eiewillig 'n tempeldiens buite-om God se ordereëling (Eks. 19, 24). Miga was in sy noppies en sê: "*Nou weet ek die Here sal vir my goed wees*" (vs 13a). Miga sê dit **selfversekerd** nie **geloofseker** nie. In God se Naam spreek hy God se seën oor homself uit. Dis 'n gewigtige ding wat Miga hier doen. Dit is tog die Here SELF wat sy seën aan mense gee. In die verbond en kragtens die verbond sou Israel die goedheid van die Here ervaar. Dít is die wyse waarop die Here *vir sy volk goed is*. Miga se *sekerheid* rus op **eiewilligheid** (vs 5-11). Hy verbreek God se orde en wil Hom dien volgens sy eie instelling. En op grond daarvan wil hy die sekerheid vind van God se seën op hom. Maar oor Miga het net oordeel en dood gekom (Rigt. 18). God het in sy orde vir die erediens die koms van Christus afgebeeld. Hy deur Wie die goeie en die lewe ontvang word. Die mens ontvang God se seën as Hy na sy verbondsreg geëer en verheerlik word. Vanweë hulle eiewilligheid gaan die sondaars onder maar die ewige lewe is by Christus die enigste Hoëpriester! Volg in alles God se weg nie jou eie nie dit loop uit op rampspoed.

*dr Nico van der Merwe*




# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**

[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

| Jaargang 5 | Sondag 25 Julie 2010 | Nommer 17 |
|---|---|---|


### MAAK JOU GEDAGTES AAN CHRISTUS GEHOORSAAM

Paulus beklemtoon in 2 Korintiërs 10:1-6 dat die gelowiges in 'n geestelike oorlog betrokke is. As hy skryf dat ons "in 'n menslike liggaam leef" bedoel hy dat jy 'n menslike wese is wat versoek kan word, kan seerkry en selfs gedood kan word in die geestelike oorlog. Die slagveld is die wêreld maar die werklike stryd is "nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug" (Ef. 6:12). Die stryd word in jou gedagtes, in jou hart gevoer daarom gebruik jy nie "menslike wapens nie" (vs. 3). Die geveg vind in die geestelike wêreld plaas. In hierdie stryd geld menslike vindingrykheid of vernuf nie. Gewone fisiese vermoëns kan nie gebruik word nie. Jy kan nie die Satan met jou spierkrag uitoorlê nie. Jy sal 'n Christen se wapenrusting moet gebruik (Ef. 6:10-20). Die teiken van die Satan en sy trawante is die vestings in jou geestelike lewe. Die geestelike vestings in jou waarop die Satan sy aanvalle rig is die negatiewe patrone of gedagtes wat in jou hart ingebrand is of deur herhaling of deur een of ander traumatiese gebeurtenis. Onthou, **gedagtes** bepaal jou gedrag (Jak. 1:13-15). Omdat die sonde in jou lewe teenwoordig is veroorsaak dit dat jy 'n onchristelike temperament en gedragspatrone ontwikkel. Hierop is daar net een antwoord: "Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak" (2 Kor. 10:5). Om geestelik te kan oorleef in die oorlog wat innerlik woed sal jy jou gedagtes aan Christus gehoorsaam moet maak.

*Dr. Nico van der Merwe*

## PREKE VANDAG



**Oggenddiens: OP GROND VAN JOU EIE WOORDE SAL JY VRYGESPREEK OF VEROORDEEL WORD.**
Matteus 12:37

Alle mense is verdorwe. Daar is selfs nie een wat in homself goed is nie. Van nature is almal vol sonde. Ook ons harte is sleg – ons harte, ons gedagtes is die geboorteplek van ons dade en woorde. God oordeel jou op grond van jou dade en woorde – dit wat jy prakties doen en sê. Na regte moet alle mense verlore gaan. En as God jou aan jouself oorlaat, sal jy verseker verlore gaan. Tog: God gee aan sy kinders nuwe harte. Hy wederbaar hulle deur sy Heilige Gees. Hy maak hulle nuut. Hy maak van jou wat 'n slegte boom is teen jou natuur 'n nuwe boom, 'n goeie boom wat goeie vrugte dra. Hy was jou skoon met die bloed van Christus. En daarom spreek Hy jou vry – uit genade, sonder enige verdienste of goeie daad van jou kant af.
[SING: Ps. 68:2, 3 – p. 331. Ps. 89:1, 6 – p. 444. Ps. 66:1, 4 – p. 323. Ps. 9:3, 4, 5, 7 – p. 40.]

**Aanddiens: DEFORMASIE EN REFORMASIE IN DIE KERK**
1 Samuel 2:12,17,22

Ongeveer 1000 v.C., in Eli se tyd, het dit maar sleg gegaan met die kerk. Elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë (Rigt. 21:25). Ook Eli se twee seuns: Hofni en Pinehas. Die kerk (die volk van God in die O.T.) het in deformasie verval. Oor al die eeue is daar gedurig verval in die kerk. Gelowiges wyk af van die waarheid. Tog stuur die Here elke keer mense wat Hy in sy diens gebruik om te reformeer: Samuel, Paulus, Calvyn. Hoe reformeer jy? Keer terug na die Woord van God! Vandag nog regeer Jesus Christus ons deur sy Woord. Ons moet net luister na wat Hy vir ons sê – en dit dan doen!
[SING: Ps. 25:1, 4 – p. 118. Ps. 119:60, 63 – p. 598. Ps. 23:1, 2 – p. 107.]



## DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 3 & 4

### Artikel 5 : DIE WET VAN GOD IS NIE 'N HERSTELLINGMIDDEL NIE

Net soos met die lig van die natuur is dit ook gesteld met die Tien Gebooie, wat God deur Moses in besonder aan die Jode gegee het. Die wet vlek wel die grootheid van die sonde oop en kla die mens hoe langer hoe meer van sy skuld aan, maar dit dui geen geneesmiddel aan en deel geen kragte mee om uit hierdie ellende te kom nie. Omdat die Wet dus deur die sondige natuur kragteloos gemaak is, laat dit die oortreder onder die vloek bly. Daarom kan die mens nie deur die Wet die saligmakende genade verkry nie.

### Artikel 6 : DIE EVANGELIE VAN DIE MESSIAS IS DIE HERSTELLINGMIDDEL

Wat nie deur die lig van die natuur of deur die Wet gedoen kan word nie, dit doen God deur die krag van die Heilige Gees, deur middel van die Woord of die bediening van die versoening. Dit is die evangelie van die Messias, waardeur God besluit het om die gelowiges in die Ou sowel as in die Nuwe Testament salig te maak.

### Artikel 7 : DIE EVANGELIE AAN BEPAALDE VOLKE

Hierdie verborgenheid van sy wil het God in die Ou Testament aan min mense bekend gemaak, maar in die Nuwe Testament, waar die onderskeid tussen die volke nou weggeneem is, openbaar Hy dit aan meer mense. Die oorsaak waarom hierdie bedeling so verskillend is, moet nie aan die waardigheid van een volk bo die ander of aan die beter gebruik van die lig van die natuur toegeskryf word nie maar aan die volledig vrye welbehae en onverdiende liefde van God. Daarom moet hulle wat sonder en teen enige verdienste so 'n groot genade deelagtig word, dit met 'n nederige en dankbare hart erken. Hulle moet ten opsigte van ander wat hierdie genade nie ontvang nie, saam met die apostel die strengheid en regverdigheid van die oordele van God eerbiedig sonder om dit nuuskierig te ondersoek.

| KOLLEKTES | | |
|---|---|---|
| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
| 25 Julie | Barmhartigheid | Ekumenisiteit Buiteland |
| 1 Augustus | Barmhartigheid | Geref. jeug in London |
| 8 Augustus | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 15 Augustus | Barmhartigheid | Sustentasiefonds GKSA |



**GEMEENTEPROGRAM**
Sondag 25 Julie tot Saterdag 24 Julie 2010

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 25 Julie | Oggenddiens | 09:30-10:30 |
| Sondag 25 Julie | Katkisasie – Les 15 | 10:30 |
| Sondag 25 Julie | Erediens | 18:00-19:00 |
| Maandag 26 Julie | Breë Kerkraad | 18:00 |



| TEESKINKBEURTE | |
|---|---|
| Sondag 25 Julie 2010 | Wyke 15 & 16 |
| Sondag 1 Augustus 2010 | Wyke 17 & 18 |
| Sondag 8 Augustus 2010 | Geen teeskink |
| Sondag 15 Augustus 2010 | Wyke 21 & 22 |



## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| 25 Julie | Mariana Aucamp |
| 26 Julie | Jorrie Jordaan |
| 27 Julie | Japie Olivier |
| 27 Julie | Marcelle Kruger |
| 27 Julie | Andrè Kruger |
| 28 Julie | Anelda de Wet |
| 28 Julie | Jan Louw |
| 29 Julie | Hanlie Mocke |
| 30 Julie | Blikkies Blignaut |

Ons wens u baie goeie gesondheid, geluk en vreugde toe vir die nuwe jaar!





## SUSTERS

Saamroepster vir Julie: Santie van der Westhuizen
Saamroepster vir Augustus: Magda van der Walt
Hospitaalbesoekbeurt: Anncron: Gerda en Rizaan Olivier
Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis:
Julie 2010: Wyk 6 en 20

**Uit die Woord**
U verordeninge is wonderlik, daarom kom ek hulle na.
(Psalm 119:129)
**Wyse Woorde**
Slegs deur liefde teenoor ons naaste kan ons gemeenskap met God ervaar.
(Albert Schweitzer)

## VERLORE BORDE/BAKKE?

Maak asseblief 'n draai in die kombuis – dalk is een van die mooi koekborde joune!

## VERLORE BLOMVASE

Daar is steeds **2 glas blomvase** wat deur die Susters aangeskaf is vir die Saamtrek, soek! Het jy dalk vergeet om joune terug te bring? Dis noodsaaklik dat almal terugbesorg word. Jy kan dit kombuis toe neem. Baie dankie.

- Daar is geen lewende en ware godsdiens moontlik sonder stilte nie.
- Die beste en die vinnigste manier om tyd te verloor, is om geen tyd vir God te hê nie.

## LIEF EN LEED IN DIE GEMEENTE

- ***Sr. Marietjie Rood*** het 'n operasie aan haar (ander) voet ondergaan. Ons bede is dat sy gou gesond sal word. Ons wens haar alle sterkte toe.

- ***Sr. Hanlie Mocke*** se swaer is oorlede. Ons is saam met jou en Johan en jou familie daaroor hartseer. Mag ons Hemelse Vader julle almal ryklik vertroos.

- ***Br. Kobus Booysen*** het geval en sy bo-arm beseer. Hy moet geopereer word. Ons hoop jy is gou beter en dat jy weer die arm normaal kan gebruik.

## C-VAKANSIE 2010 - (DOPPERS@C) - TE BANANA BEACH OORD, NATAL

C-Vakansie is 'n wegbreek vir alle Christen matrieks wat nou al amper 20 jaar lank aan die loop is. Dit is 'n wegbreek waar ons die jong mense see toe vat vir "die tyd van hul lewe". Hierdie is nie 'n kamp nie, let wel, en ek herhaal, hierdie is nie 'n kamp nie. Dit is meer 'n vakansie met 'n geestelike onderbou. Dit is die wegbreek van die jaar wat aangebied word deur die Nationale Jeugdeputate.

**Wanneer**: 26 November 2010 - 3 Desemeber 2010
**Vertrek** : Ons kom bymekaar by die Gereformeerde Kerk Brooklyn in Pretoria so 20:00 en vertrek dan om 22:00
**Koste**: R1400, insluitend vervoer, etes, luukse verblyf in vakansiewoonstelle met DSTV ens.
**Kontak**: Ds Reynold Fourie, Selnr: 084 7076 276, Epos: reynoldf@mweb.co.za , Landlyn: 011 916 1420. Faks: 0866983951 OF Chris de Beer, Selnr:0836025301, Epos:chris@kronos.co.za
**Bankbesonderhede** : Deposito R500-00 of volle bedrag betaalbaar: Matriekkamp, ABSA Hatfield 21-4028-7795, sit asb 'n verwysing op, jou naam en van asseblief.



| HOËRSKOOL JEUG DIENS & JEUGAKSIES |
|---|
| **NB. 16:00 tot 17:30 Wintertye** |
| 25 Julie 2010 – Gerrit van der Walt. |
| 1 Augustus 2010 - Bespreking. |
| 8 Augustus 2010 - Lang naweek. Geen byeenkoms. |
| 15 Augustus 2010 - Branm Gee-jaar. |
| 21 & 22 Augustus 2010 - Reddersburg Kinderhuis. |
| 29 Augustus 2010 - Dr. Jan Lion-Cachet. |
| 3-5 September 2010 - Jeugkamp. |
| 12 September 2010 - Branm Gee-jaar. |
| 19 September 2010 - Dr. Jan Lion-Cachet. |
| Onthou asseblief om jou plek te bespreek vir Reddersburg Kinderhuis uitstappie! |

## SORGEENHEID ZAMBEZI AFTREE-OORD

Die Zambezi Frailcare Trust is tans besig met verkope van kamers op lewensreg vir die beplande oprigting van 'n sorgeenheid by die Zambezi Aftree-oord in Montana, Pretoria.
Zambezi Aftree-oord is baie gewild as gevolg van sy mooi uitleg, huise en dis ook naby die Kollonade winkelsentrum, Montana hospitaal en verskeie ander winkels en geriewe
Die sorgeenmheid sal uit die volgende kamers bestaan:
1. Bystandversorging - 22 kamers (30m², 40m², 50m² en 60m²)
2. Dementia/Alzheimer - 21 kamers (18m², 20m², 30m² en 40m²)
3. Verswakte versorging - 36 kamers (20m² en 30m²)
Die sorgeenheid sal in fases opgerig word. Sodra fase 1 en fase 2 verkoop is sal met die bouwerk begin word. Die beplande voltooing sal die tweede helfte van 2011 wees.
Die pryse wissel tussen R325 000 vir 'n 18m² kamer in die Dementia/Altzheimer afdeling en R499 000 vir 'n 60m² kamer in die bystandversorging afdeling.
Vanweë die groot tekort in versorging vir bejaardes is al 'n groot gedeelte van die kamers verkoop. Indien u belangstel moet u dus nie aarsel om Veronica (083 530 5021) so spoedig moontlik te kontak nie.

*Pieter Zwemstra*, Voorsitter, Zambezi Frailcare Trust